**Skriflesing: Matteus 12 vers 15-21**
**Tema: Dra jy 'n toga of 'n voorskoot?**

Verbeel jouself jy ontdek 'n geneesmiddel vir alle siektes op aarde, watter persoon sal jy kies om dit aan die wêreld te gaan verkoop? Ek sou iemand kies wat sommer dadelik die oog vang as sy in 'n kamer instap: 'n vrou met charisma. Jammer, manne, dit sal 'n vrou wees. 'n Vrou met persoonlikheid, iemand wat goed kan praat en met 'n kop vir besigheid. Dit moet iemand wees wat sommer baie vinnig die wêreld beïndruk met my produk.

Die Jode het in Jesus se tyd so sterk iemand as verlosser gesoek. Hy moes 'n dapper bevelvoerder wees wat al hul vyande sal verslaan. Hy moes 'n koning wees wat met mag sal heers. Jesus het hulle nie beïndruk nie, want Hy het nie aan hulle verwagtings voldoen nie.

Ons dink baiekeer dat die kerk net meer sulke sterk mense nodig het, dan sal dinge regkom. Mense met harde stemme en nog harder hande.

En dan kom God en Hy genees ons van sonde-ellende en -dood. Hy doen dit deur 'n dienaar, Sy Seun, Jesus Christus. Ons lees van Hom in Matteus 12 vers 15 - 21.

Jesus was die Seun van God, Hy was self God. Geen mens kan met Hom vergelyk word nie. Voor Hom was daar niemand soos Hy nie en na Hom sal daar niemand soos Hy wees nie. Hy staan bo alle mense uit. Sy wysheid ken geen grense nie, Hy maak God se wil bekend en laat dit seëvier. Sy almag ken geen perke nie. Hy maak mense gesond. Sonder vrees vir teënspraak kan gesê word dat Jesus sonder gelyke was.

En tog lees ons van Hom in Matteus 12 vers 19 - 20: 19Hy sal nie raas en baklei nie. Hy sal nie op mense in die hoofstraat skel nie. 20Iemand wat seergekry het, sal Hy nie seerder maak nie. Hy sal ook nie iemand wat in die moeilikheid is, verder in die moeilikheid bring nie; inteendeel! Hy help mense om die geestelike wenpaal te haal. Hulle sal dan nie meer oor God se oordeel bekommerd hoef te wees nie."

As Jakobus en Johannes se ma vra of haar 2 seuns die belangrikste plekke langs Jesus in sy koninkryk kan inneem, dan sê Jesus vir sy dissipels in Markus 10 vers 42-45: "42Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. 43Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 44en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.
**45Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense."**
Hy wat bo alle mense verhewe is, is 'n dienaar. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Dit gaan in Sy kerk nie om mag en posisie nie, maar om nederigheid en diensbaarheid.

Jesus sê dit nie net nie, Hy wys sy diensbaarheid met Sy lewe en werk. Hy was nie magsbehep nie. Hy soek nie 'n troon of 'n kroon nie. Hy het nie gestreef na hoë posisies nie. Hy regeer nie en speel nie baas op aarde nie. Hy kom dra 'n kruis. Hy het gekom om te dien en diensbaar te wees....aan almal.

Hy dien mense nie van 'n afstand af of uit die hoogte nie. Hy staan langs hulle. Hy vat aan hulle en trek hulle na Hom toe. Jesus het gekom om by elkeen in nood te wees. Hy reik uit na almal wat geval het. Hy rig die geboë hoofde op. Hy gee die vermoeide nuwe krag. Hy maak die stukkendes heel. Hy het gekom het om te dien en Sy lewe te gee as

losprys vir baie. Hy loop nie net die ekstra myl nie, Hy is bereid om alles te gee. Hy is bereid om Sy lewe te gee. Aan die kruis op Golgota sterf Hy, maar staan ook op as God se geskenk aan ons.

In hierdie dienaar Jesus is ons hoop. Sonder Hom was ons verlore. Hy het ons kom bevry van ons sonde wat tot die dood lei. Hy gee vir ons die lewe op aarde. Maar Hy gee vir ons baie meer. Ons lees in 1 Korintiërs 15 vers 19: "As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense." Hy skenk ook die ewige lewe aan ons.

Jesus Christus as God se geskenk aan ons, laat vir ons dink oor ons manier van kerkwees. Ek dink ons kyk partykeer na die nuutste winkelsentrums as ons aan kerkwees dink. Alles moet groter, beter, blinker, belangriker en meer wees as by die gemeentes rondom ons.

God se geskenk aan ons roep ons egter op om te dien soos Hy. Die grootste en eerste persone in die koninkryk van God is diegene wat bereid is om die minste te wees, die dienaars.

Dr Stephan Joubert het hierdie jaar met die Hoëveld Sinode gepraat oor 'n CV van iemand wat Jesus navolg. "Belangriker as 'n plan van aksie vir die gemeente, is die karakter van die kerk. Die identiteit van volgelinge van Jesus, is dié van kruisdraers", het Joubert gesê.

Hy het vertel van 'n keer toe iemand wat 'n vlug moes onderneem, die een of ander krisis gehad het wat dit nodig gemaak het dat hy in besigheidsklas moes vlieg sodat hy gemakliker kon wees as wat hy in ekonomiese klas sou wees. Daar was egter geen sitplek in besigheidsklas oop nie. Maar toe hoor aartsbiskop Desmond Tutu, wat op dieselfde vlug was, daarvan en bied aan om sy besigheidsklas-sitplek te verruil vir een in ekonomiese klas.

"Predikante moenie gelegitimeer word met togas nie, maar met voorskote", was die terugvoer van een van die tafels by die sitting van die Hoëveld Sinode. Die een ding het na die ander gelei sodat die nuwe proponente van Tukkies wat onlangs tot die bediening toegelaat is, dit nie met 'n toga nie, maar met 'n voorskoot gedoen het. Op die voorskoot staan: "Dien soos Jesus" met Mark 10:45 daarby. Op die voorskoot is ook 'n prentjie van 'n hand met 'n hart daarin wat liefdevolle diens simboliseer.

Op die leiers van die gemeente se vrouekamp van 2 jaar gelede se voorskote staan daar: "Saved to Serve". Dit is waarvoor ons gered word. Dit is waartoe die Here ons oproep - om voorskote te dra en te dien soos Hy.
**Amen**